# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Daaglikse bekering—'n teken van jou nuwe lewe in Christus

**Skriflesing**:
2 Korintiërs 7
(1983)

**Teksvers**:
2 Korintiërs 7:9-11

**Sing**:
Ps 118:12,14
Ps 25:2
Ps 7:1,9
Ps 51:3,4,8
Ps 32:1,6
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Ons sit nou weer die reeksprediking uit die Tweede Korintiërbrief voort, met die oorhoofse tema van die Nuwe Lewe van die Christen (Jaartema - 2 Kor 5:17 - *Nuwe lewe in Christus*).

Prakties gesproke is die belangrikste deel van hierdie nuwe lewe juis dit wat Paulus graag by sy lesers wou vind en tot 'n mate ook gekry het, nl. BEKERING. Ware bekering gaan egter dikwels met diepe worstelinge en droefheid gepaard soos waarna Paulus in hierdie hoofstuk verwys.

Die sogenaamde *'Trane-brief'* wat waarskynlik tussen Eerste en Tweede Korintiërs aan die gemeente gestuur is, dien as agtergrond vir die verstaan van Paulus se betoog en ons fokusteks.

**SONDAGAAND 18:00**

## Die gebooie is verbondseise

**Skriflesing:**
Eksodus 20:1-17
(1983)

**Teksvers**:
Eksodus 20:3

**HK**: Sondag 34

**Sing**:
Ps 150-1:1-3
Lied 190:1,2
Ps 48:1,4
Ps 116:1,9,10
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Herman Stavast
GK Wierdapark

God het hierdie een hoofdeel van die Bybel, die Tien Gebooie, met sy eie vinger geskryf. Daarin kan ons sien dat Hy, God, ag die gebooie as baie belangrik vir jou en elke ander mens se lewe op aarde. Vir Hom is dit belangrik dat jy goed sal verstaan wat die Tien Gebooie is en met watter gesindheid jy hulle moet gehoorsaam.

As die regte gesindheid ontbreek, kan dit of daartoe lei dat jy die gebooie van God minag, omdat jy nie God se stem daarin hoor nie, of dat jy die gebooie van God - jou afgod maak. Jou vertroue is dan nie meer op God gestel nie, maar op jou eie onderhouding van die gebooie soos jy dit graag wil interpreteer.

Juis die inleidende woorde van die wet: "***Ek is die Here, jou God, wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny verlos het***", verduidelik juis met watter gesindheid jy hierdie gebooie moet onderhou.




# KOMMUNIKAATJIE
**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 49** **Nr 12** **14 April 2024**


# Ware Koinonia

Soos ek hier sit en die herfsluggie om my dartel kry ek koue rillings as ek dink aan April vier jaar gelede toe ons gehok was om tuis te bly weens die Covid-19 Pandemie van 2020. Veral as die Strelitzias begin blom dan onthou ek die droewige tyd van afsondering van geslote kerke en bevreesde mense.

Hier sit ons nou vier jaar later en ons het al weer byna daarvan vergeet. Destyds het ons geglo, en selfs gesê dat die inperkings van die grendeltyd ons weer honger sou maak vir die intieme koinonia van gemeentelike samekomste. As mens iets mis waardeer jy dit mos meer.

Die vraag is nou of dit ooit gebeur het en of ons werklik die gemis en verlies aan koinonia in 'n positief omgekeer het. Hier hoef ons nie groot beoordeling toe te pas en tendense te probeer evalueer nie. Die kerk van Jesus gaan immers maar deur goeie en slegte seisoene. Dit sal eerder vanpas wees om *jouself* te beoordeel of jy nog die gemis van destyds onthou en gevolglik die geleentheid wat daar nou is met alle mag aangryp en benut.

Koinonia (gemeenskap van die gelowiges) is immers nie net iets waarby jy alleen kan baat nie, maar waarby ander baat as ek en jy dit nie afskeep nie. Dink maar aan laas naweek se heerlike koek en tee, gemeente-ete, die mooi eredienste en kategese.

Maak gebruik van die koinonia-geleenthede en leef die nuwe lewe in Christus.

"*Laat ons dus die onderlinge byeenkomste nie versuim, soos sommige die gewoonte het nie, maar mekaar eerder aanmoedig... en dit des te meer soos ons die oordeelsdag sien naderkom*" (Heb10:25).

Ds Maarten

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

*Die nuwe lewe in Christus!*

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 8, Ps 118:12 — Volgende week: Les 9, Ps 118:12

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná die Skriflesing na die kleuterklas kamer 8.
Vandag: Gideon 1, Ps 100 — Volgende week: Simson, Ps 100

## KOLLEKTES

| Vandag: Barmhartigheid (tydens erediens) | Vandag: Teol studentekas (by die deure) | Instandhoudingsfonds |
|---|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Kerkkas** | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



**Klein advertensies:**

**Huiskontrakteur –** herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u, die verkoper, se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

**Belasting Konsultant.** Individue, Besighede en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax @gmail.com

**Lewensafrigting** (*Life Coaching*). Hak die ratte van jou lewe vas? Kontak Linda by 0722278645 of lindajordaan.lc@gmail.com vir meer inligting.

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 794 2728.

**Bouplanne**—Skakel Tertius Horak by 082 925 6015 vir enige argitekwerk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en opdatering van bestaande onvolledige planne insluitend Stadsraad goedkeurings.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**14 Apr**

| | |
|---|---|
| Elize Pretorius | A7, A18 |
| Cecilia Wolmarans | B18 |
| Tia Grünenfelder | C13 |



**21 Apr**

| | |
|---|---|
| Hester vd Merwe | B5 |
| Anita Snyman | B10 |
| Mari Coetzee | C11 |

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerk-gebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgings fasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R510 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Mei 2024. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235
Aansoeke sluit **29 April 2024**

CARLSRUHE

## PA-SEUN EN PA-DOGTER JAGNAWEEK

17-19 Mei

Jagplaas is net duskant Cullinan

**Pryse:** R 590 pp/n,
kinders 0/12 is R350 pp/n.
Slegs jagters betaal add R250 vir geriewe.

Daar is nog 'n paar plekke oop.

Navrae: ds. Lourens 082 5292 330
Werni Grünenfelder 071 491 0797

## Kleuterklas

- ♥Klas word aangebied in die **Graad R katkisasie lokaal** tydens die diens (na Skriflesing).
- ♥Klas is om kleuters 'n **ouderdoms gepaste boodskap** te gee en hul **liefde** vir die kerk te ontwikkel.
- ♥Klas word aangebied in skoolkwartale, daar is geen klas in **vakansietyd**, **langnaweke** of **Nagmaal** Sondae nie.
- ♥ Die klassies is vir kleuters tussen **2-5 jaar oud** wat gemaklik is om alleen by die klassie te bly sonder mamma/pappa.

**Indien jy betrokke wil raak skakel Werner Human 084 549 6503**



## Dopperspele

**11 Mei 2024**
**te Waverley (Dirk Postma)**

Dit is weer tyd vir die wêreld-kampioenskappe vir Doppersportvernuf met groot nuus: Dopperspele verskuif na die gronde van die Gereformeerde Skool Dirk Postma (Waverley - Pretoria). Die spele het uitgebrei van 16-spanne, na 24-spanne.

Kom deel in die versterking van ons geloofsgemeenskap saam met ander gelowiges en gemeentes op 'n informele en prettige wyse!

Spankaptein van GK Centurion:
Drikus van der Walt 060 569 2608

GKC RUIL VERKOOP
Gereformeerde Kerk Centurion Projektefonds

*Kom soek, ruil, verkoop, adverteer enigiets. Skenk 15%+ van jou suksesvolle verkope aan die kerk.*

*Vra vir ds. Maarten om jou op die groep te plaas **of** sluit aan deur skakel te volg:*

https://chat.whatsapp.com/G574OYsYKT1C6i1scsMloF

### Dankoffers ontvang soos op 31 Maart 2024

| Maand | Ontvang | Begroot | Surplus/ (Tekort) |
|---|---|---|---|
| Januarie | 557 482 | 574 833 | (17 351) |
| Februarie | 502 473 | 574 833 | (72 361) |
| Maart | 599 100 | 574 833 | 24 267 |
| **Jaar tot Datum** | **1 659 055** | **1 724 500** | **(65 445)** |



## Verjaarsdae

### Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14-Apr | Louis | Kruger | A04 | 27828262752 |
| | Tjaart | vd Walt | C06 | 27828242933 |
| | Melody | Venter | B02 | 27828568497 |
| 15-Apr | Babs | Greyling | B08 | 27828552717 |
| | Faith | Keitsemore | E01 | 27730979369 |
| | Annelize | vd Merwe | B08 | 27277231899 |
| 16-Apr | Alida | de Bruin | A18 | 27827879623 |
| | Ledine | Klopper | C05 | 27825777190 |
| | Jacques | Myburgh | B05 | 27823247265 |
| 17-Apr | Anneri | de Jager | B17 | 27829240529 |
| | Marco | Engelbrecht | A10 | 27727388109 |
| | Clara | Jv Rensburg | C03 | 27824713877 |
| 18-Apr | Liezel | Louw | C14 | 27824189113 |
| | Kelly | van Staden | A15 | 27761067724 |
| | Wilna | van Zyl | B05 | 27825795853 |
| 19-Apr | Marinus | du Plessis | B09 | 27836091275 |
| | Hannetjie | Greyling | 00 | 27760549990 |
| | Ria | Pretorius | A07 | 27822932323 |
| 20-Apr | Ruan | de Souza | A08 | 27604676460 |
| | Daleen | Kruger | B08 | 27834094103 |
| | Magda | vd Schyff | A03 | 27795110196 |

### Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14-Apr | Anna-Marie | vd Dussen | B17 | 27824137809 |
| 15-Apr | Jan-Hendrik | Koch | C08 | 27724428655 |
| | Ruard | Reynecke | C08 | 27832559900 |
| | Amé | van Wyk | B15 | 27766487423 |
| 16-Apr | Wiandi | Rheeders | B05 | 27825151558 |
| 20-Apr | Anrich | Groenewald | A03 | 27828195947 |
| | Christoff | Klopper | C05 | 27825777190 |

## Ons gee om vir Mekaar

***"…God ontferm Hom oor ons."** Ps. 116:5*

- **Meelewing** word betuig met familie en vriende van Rina Naude wat gedurende die week oorlede is. Troosdiens is Dinsdag, 16 April te Protea Aftree-Oord, Heuwelsigsaal om 14:30 olv ds Lourens.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Geluk

Jaco en Maryke Maré met die doop van Abigail.

Christopher en Charlotte Fourie met die doop van Samuel.

Jacques en Elani Stephens met die doop van Leanca.

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Passage: 2 Cor 7:9-11

Rev Maarten van Helden